

VISIE

word bewaarheid

ALIDA ZANDBERG

Streekbibliotekaris, Stellenboschstreek

Ongeveer twee jaar gelede het die gemeenskap tydens 'n wyksvergadering die Groenheuvel gebied geïdentifiseer as 'n area waar 'n biblioteek dringend benodig word. Die naaste biblioteek is Drakenstein Biblioteek, ongeveer 10km daarvandaan. Die Integrated Development Programme-program (IDP) het geld hiervoor bewillig en toe het die soektog na 'n geskikte perseel begin. Die klein geboutjie op die grens van 'n begraafplaas het die aandag van Arlene Krieling, biblioteekassistent by Drakenstein Biblioteek, getrek toe sy eendag besig was met 'n buurtwagskof. Die gebou was die eiendom van die munisipaliteit en daar moes net toestemming vir die gebruik daarvan verkry word. Ongelukkig wou die Raad aanvanklik nie die gebruik van die gebou as 'n biblioteek goedkeur nie, maar Mnr Matthee, waarnemende hoof van gemeenskapsdienste, het besluit om die Raad op 'n besoek ter plaatse te nooi. Daarna kon hulle die biblioteekpersoneel se visie deel en goedkeuring is aan die projek verleen. Met die hulp van Mnr Gerber en die beplanningsafdeling van die munisipaliteit, asook die Biblioteekdiens se rakuitleg, het die eerste fase van die satellietbiblioteek begin. Die vloeroppervlakte van die biblioteek is 53m².



Vier skole is in die onmiddellike omgewing van die satellietbiblioteek geleë en talle vrywilligers het hul gewig ingegooi om alles betyds in plek te kry vir die opening.

Die biblioteek het stilweg op 19 April 2006 oopgemaak en tussen eenuur en sesuur namiddae die publiek bedien. Alhoewel baie boeke uit die voorraad van Drakenstein Biblioteek getrek is, en talle skenkings van Biblionef ontvang is, het die toestroming van mense om te registreer veroorsaak dat nog boeke dringend vanaf die Provinsiale Biblioteekdiens aangevra is. Steeds blyk dit nie genoeg te wees om in die groot aanvraag te voorsien nie.

Met die amptelike opening op 3 Mei 2006, het die drome van die Drakenstein Biblioteek, naamlik, om die biblioteekdiens na die gemeenskap te neem, begin realiseer.

Die statistieke vir sirkulasie vanaf 19-28 April was 1 957 boeke en 242 volwassenes en 568 kinders is geregistreer as gebruikers. Die biblioteek leen tans boeke op die handstelsel uit, maar lede word ook rekenaarmatig by die Drakenstein Biblioteek gelaai, sodat hulle ook boeke by die ander biblioteke in die Paarl/Wellington area kan uitneem.

'n Samewerkings-ooreenkoms is gesluit tussen die Paarl Boys' High Skool en hierdie biblioteek. Die skool beoog om te help met boek-skenkings, asook om kinders uit die Groenheuwelarea, na Boys' High Skool te neem om besoek af te lê, terwyl die mediastudente van Boys' High weer gemeenskapswerk gaan doen in Groenheuwel.

Daar is reeds begroot vir 'n rekenaar en personeel en planne is opgestel vir die uitbreiding van die



Bo: Amerie le Roux, bibliotekaris van Paarl Biblioteek aan die woord

Bo links: Uiteindelik het die langverwagte dag van die amptelike opening van Groenheuwel se satellietbiblioteek op 3 Mei 2006 aangebreek

Links: Arlene Krieling (links) wat die vestiging van die fasiliteit aangedryf het en Raadslid Charmaine Manual, burgemeester van die Paarl

Regs: Die groot oomblik waartydens die knip van die lint simboliseer dat die biblioteek amptelik vir die gemeenskap oop is

Onder: 'n Plaaslike skoolkoor het deelgeneem aan die openingsfunksie



satellietbiblioteek. Die biblioteek gaan dus baie gou 'n volwaardige biblioteek word. Baie geluk aan die personeel van die Drakenstein Biblioteekdiens vir hul sukses met hierdie projek.

Nota: Groenheuwel funksioneer sedert 2 Julie 2006 as 'n onafhanklike biblioteek met Arlene Krieling as waarnemende bibliotekaris.